DISSIPLINêRE STELSEL

1. AANPRYSINGS

Die doel met aanprysings en tugmaatreëls is om:

- Leerders tot verantwoordelike, selfstandige besluitneming op te voed.
- 'n Sterk pligsbesef by leerders te kweek.

1.1 Kategorieë vir aanprysing

KNOPIE-TOEKENNING	
1. Goeie gedrag	8. Deelname : Sport/Kultuur per kwartaal
2. Positiewe gesindheid	9. 100% Skoolbywoning per kwartaal
3. Deursettingsvermoë	10. Hulpvaardigheid (Binne/Buitemuurs)
4. Eerlikheid	11. Prestasie op Sport- en Kultuurgebied
5. Netheid	12. Klasleier / Leierskap
6. Beste gelewer	13. Goeie vordering op akademiese gebied – 10 % + meer in 'n vak. (1 inskrywing per kwartaal)
7. Skoolwerk elke dag gedoen (Maks. 2 x per kwartaal toegeken)	14. Akademies : 85% + op Rapport

1.2 Hantering / optrede ten opsigte van aanprysing

- Aanprysings word op 'n daaglikse basis in die Gedragskode aangeteken .
- Die Adjunk-hoof sal weekliks leerlinge roep wat aanprysings ontvang het. Leerlinge sal soos volg erkenning kry :
  - Knopie-toekennings :
    Vir elke 6 knopie-aanprysings sal hy/sy erkenning kry :
    - ~ Groen - 6 aanprysings
    - ~ Brons - 12 aanprysings
    - ~ Silwer + SPUR-toekenning - 18 aanprysings
    - ~ Goud + Sertifikaat - 24 aanprysings
- Vorm A sal aan ouers uitgegee word om hul in te lig rondom die leerder se spog-knopie.
- Aanprysings is oordraagbaar na 'n volgende kwartaal.
- Die finale toekenning van 'n knopie-aanprysing sal bepaal word deur die hoeveelheid kategorie 1, 2 en 3 oortredings wat 'n leerder begaan het.

2. TUGMAATREëLS EN TOEPASSING VAN DISSIPLINêRE STELSEL

2.1 Werskwyse van ouers om probleme aan te spreek

Indien u as ouer merk dat u kind 'n probleem tov 'n leerarea ervaar, word u aangeraai om die volgende stappe te volg:

Stap 1 Kontak u kind se voogonderwyser/es per brief / per telefoon of maak 'n afspraak.
Stap 2 Indien die probleem nie opgelos is nie, kontak die vakonderwyser/es.
Stap 3 As daar enige verdere probleme is, kontak die Departementshoof of Adjunkhoofde.
Stap 4 Indien u nog nie tevrede is nie, kontak die hoof

2.3 Kategorie 1 oortredings

1. Huiswerk nie gedoen nie
2. Boeke en Toetse by die huis / Toetse nie geteken
3. Onderbreek klasdissipline
4. Daag laat op vir klas
5. Skryf skoolwerk af
6. Leuens
7. Treiter maats
8. Tree ongehoorsaam op in ry / ontwrig dissipline in saal/klaskamer ens.
9. Vloektaal / Tekens
10. Disrespekvolle optrede teenoor onderwysers / leiers
11. Verlaat die klas sonder toestemming
12. Bemors die klaskamer en terrein
13. Skooldrag en voorkoms nie volgens voorskrifte
14. In besit van gevaarlike voorwerpe (Bv messe, klappers, speelgoedgewere ens.

Hantering / optrede ten opsigte van kategorie een oortredings

- Vir elke kategorie 1 oortreding ontvang die leerling 'n geel brief huistoe, met die oortreding daarop aangedui, wat die volgende dag ,geteken deur die ouers, terug moet kom na die register onderwyser toe.
- Nadat vyf kategorie een oortredings in totaal teenoor 'n leerder se naam aangeteken is, word daar in oorlegpleging met die Adjunk-hoof, aan die leerder se ouers 'n waarskuwingsbrief (Vorm B) gegee.
- Wanneer 'n leerder ses kategorie een oortredings begaan het, sal hy/sy onderwerp word aan detensie. Die ouers sal 'n brief (Vorm C) ontvang om hulle in kennis te stel van die detensie.
- Kategorie een oortredings verval slegs aan die einde van die 1ste kwartaal, indien slegs 4 oortredings ingeskryf is en word nie gekanselleer aan die einde van kwartaal 2 en 3 nie.

2.4 Kategorie 2 oortredings

Hierdie kategorie sluit onder andere die volgende in:

1. Wangedrag op bus tydens skooluitstappies
2. Bakleiery (Bv Vuisgeveg / Bytery)
3. Swak gedrag in die openbaar wanneer buite die skool.

4. Swak gedrag tydens skoolaangeleenthede
5. Beskadig maats en skool se eiendom
6. Selfoongebruik tydens skoolure.
7. Betreding van skoolterrein buite lesure sonder toestemming.
8. Terugpraat met onderwysers.

Hantering / optrede ten opsigte van kategorie 2 oortredings

Vir elke kategorie 2 oortreding ontvang die leerling 'n geel brief huistoe, met die oortreding daarop aangedui, wat deur die ouers geteken moet word en teruggestuur moet word na die skool. Dit dien as waarskuwingsbrief. Nadat 3 kategorie 2 oortredings teen 'n leerder se naam aangeteken is, word die leerder se ouers per brief in kennis gestel dat hy/sy detensie moet sit.

2.5 Kategorie 3 oortredings

1. Saakbeskadiging/inbraak/fandalisme
2. Besit/gebruik van gevaarlike wapen (bv 'n mes).
3. Diefstal
4. Drank en dwelmmisbruik / rook
5. Ernstige ontwrigting van skoolroetine
6. Oneerlikheid tydens eksamen / toetse
7. Voorvalle van rassehaat
8. Versuim 2 maal om aan te meld vir detensie.
9. Seksuele teistering en wandade / Pornografiese materiaal
10. Stokkiesdraai/Verlaat skoolterrein sonder toestemming

Hantering / optrede ten opsigte van kategorie 3 oortredings

Nadat een kategorie 3 oortreding teenoor die leerder se naam aangeteken is, word die aangeleentheid direk na die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam verwys. Na deeglike ondersoek, word 'n verhoor met die ouers en kind gehou en die kind word dien ooreenkomstig volgens wetlike voorskrifte gestraf.

Die Dissiplinêre Komitee kan dan volgens die wet 'n kind vir 7 dae skors of 'n aanbeveling na die Departement van Onderwys doen vir verdere tugstappe / permanente skorsing.

3 TOEPASSSING VAN TUG

3.1 Kategorie 1 en 2 oortredings

Detensie

1. Die leerders wat 5 oortredings begaan het, ontvang 'n waarskuwingsbrief (Vorm B) Indien 'n leerder 6 oortredings begaan het, word 'n brief (Vorm C) aan sy ouers gestuur (nie later as 7 dae voor datum van detensieklas nie) om aan te dui dat hy/sy detensie moet sit.
2. Detensie sal plaasvind op Vrydae vanaf direk na skool (13:15 tot 17:00).
3. Aktiwiteite vir detensie sal vooraf beplan en streng toegepas word. Ouers is self verantwoordelik vir die afhaal van leerlinge by die skool aan die einde van die detensieklas.

4. Leerlinge wat afwesig is of weens begrafnisreëlings nie teenwoordig kan wees nie, moet die daaropvolgende detensieklas bywoon. Die Adjunk-hoof moet egter vooraf gekontak word en dit sal slegs in uiterste gevalle toegelaat word.
5. Leerlinge wat 'n tweede keer detensie moet sit of uitermatige dissiplinêre probleme lewer, moet saam met hul ouers voor die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam verskyn. Hierdie komitee kan dan volgens die wet 'n kind vir 7 dae skors of 'n aanbeveling na die Departement van Onderwys doen vir verdere tugstappe.

3.2 Kategorie 3 oortredings

'n Dissiplinêre Komitee bestaande uit twee lede van die Beheerliggaam, waarvan 1 die Voorsitter sal wees, en die twee Adjunkhoofde sal die dissiplinêre verhoor hanteer. Addisionele lede met die nodige kennis van bepaalde gebeurtenisse kan gekoöpteer word. Leerders word vergesel deur sy / haar ouers tydens die verhoor. Indien die ouers nie die verhoor kan bywoon nie, gaan die verhoor voort met die kind.

Leerders kan teen die uitspraak van die Dissiplinêre Komitee appélleer by die Hoof / Onderwys Departement nadat uitspraak gelewer is. Geen lid van die Dissiplinêre Komitee mag op die Appélraad dien nie.

4. SKORSING EN UITSETTING

Behoudens die bepalings van die Skolewet en die toepaslike Provinsiale wet, kan die Beheerliggaam na 'n regverdige verhoor, 'n leerder skors van bywoning van die skool onder die volgende omstandighede:

i. as 'n korrektiewe maatreël vir 'n tydperk wat nie een week te bowe gaan nie; of
ii. in afwagting van 'n beslissing deur die Departementshoof van die Limpopo Departement van Onderwys of die leerder uit die skool gesit moet word.

Behoudens enige toepaslike provinsiale wet, mag 'n leerder by 'n openbare skool uit die skool gesit word onder die volgende omstandighede.

i. deur die Departementshoof van die Limpopo Departement van Onderwys, en
ii. indien hy of sy na 'n regverdige verhoor skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

Die Lid van die Uitvoerende Raad belas met Onderwys van Limpopo Provinsie bepaal, by kennisgewing in die Provinsiale Koerant :

i. die gedrag van 'n leerder by 'n openbare skool wat as ernstige wangedrag beskou word.
ii. dissiplinêre prosedures wat in sodanige gevalle gevolg moet word;
iii. bepalings van 'n behoorlike regsproses om die belange van die leerder en enige ander party wat by die dissiplinêre handeling betrokke is, te beskerm.

'n Leerder (of ouer van die leerder) wat uit 'n openbare skool gesit is, kan teen die beslissing van die Departementshoof appél aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad belas met onderwys in Limpopo Provinsie.

Alle akademiese werk wat tydens die tydperk van skorsing agterweë raak moet die leerling self inhaal. Dit is nie die skool of enige personeellid se verantwoordelikheid om toe te sien dat agterstallige werk ingehaal of nagesien moet word nie.

5. ONTNEMING VAN VOORREGTE

5.1 Kategorie 1 & 2 oortredings

'n Leerling wat hom/haar herhaaldelik skuldig maak aan kategorie 1 en kategorie 2 oortredings sal die volgende voorregte ontneem word:

i. Enige leerling wat vir die 2de keer aangemeld word vir detensie sal die voorreg ontneem word om enige Opvoedkundige- of Sport-uitstappies mee te maak. Dit sluit die volgende in : Enige toer of uitstappie wat deur die skool gereël word vir Gr 1 – 7, Gr 6-leierontwikkelingskamp, Gr 7 afskeid, ens.
ii. Geen aktiwiteite wat deur die skool as ontspanning aangebied word, mag bygewoon word nie. (Bv. Kaskardag, Waterkaskenades, Pretloop, ens.)
iii. 'n Leerling wat die 2de keer aangemeld word vir detensie sal ook nie in aanmerking kom vir enige Meriete toekennings nie en sal die voorreg ontneem word om enige toekenning op die verhoog tydens die Toekenningsfunksie te ontvang. So 'n leerling kan nie in aanmerking kom vir enige van die top toekennings wat tydens so 'n aand gemaak word nie.
iv. 'n Leerling wat vir die 2de keer aangemeld word vir detensie sal ook die voorreg ontneem word om in aanmerking te kom om 'n Leier aan Laerskool Thabazimbi te word. So 'n leerling se naam sal nie op enige stemlys verskyn nie.

5.2 Kategorie 3 oortredings

i. Enige leerling wat 'n kategorie 3 oortreding begaan en voor die dissiplinêre komitee van die skool skuldig bevind word sal al die voorregte soos hierbo vermeld ontneem word.

Elke leerling begin aan die begin van die jaar met 'n skoon rekord en geel briewe is nie oordraagbaar van een jaar na 'n volgende jaar nie. Daar sal egter rekord gehou word van alle oortredings wat deur 'n leerling gedurende sy/haar skoolloopbaan aan Laerskool Thabazimbi begaan is.